## DIE „RUIMTE-VLUG VAN DIE VERDOWINGSDEKADE"

Ons leef in die ruimte-eeu. Dit is asof die wêreld vir die mens te klein geword het. Hy soek weë en middele om hom weg te neem, buite die grense van die tot dusver bekende lewensruimte. Hy vind hierdie middele met behulp van 'n tegniese vaardigheid wat 'n mens eenvoudig verstom laat staan.

Maar hierin is ook 'n groot ironie. Daar is baie meer mense maan toe as wat teruggekom het, of sal ons sê van wie ons weet dat hulle teruggekom het. Die mens word dus bedreig deur die middels wat hy in sy wetenskaplike bekwaamheid ontdek en ontplooi het.

Die begeerte om die grense van die bekende lewensruimte oor te steek, het egter nie in ons eeu ontstaan nie. Ruimtevaart is nie 'n nuwe ding nie. Hiermee bedoel ek dat die mens reeds vir baie lank dit in homself te nou het (2 Kor. 6 : 12: *„Nie in ons het julle dit te nou nie, maar in julle binneste het julle dit te nou").* Die mens kan dit in homself nie uithou nie. Hy wil weg. So is ontdekkingsreise geïnspireer en nuwe wêrelde blootgelê. So het die mens sy lewensruimte altyd groter(?) gemaak.

Hieruit, onder andere, is die verdowings- en verslawingsprobleem gebore. Wat genadige hulpmiddels moes wees, nl. middels (medisyne) tot verdowing, soos bv. van pyn, het middels geword om „uit jouself uit weg te kom" omdat jy dit in jouself te nou het, om weg te kom van alles en almal af, om te ontvlug uit die misère van innerlike benoudheid.

Treffend is die artikel geskryf deur Leslie L. McCullough, ambassadeur van die College Research Staff in die V.S.A. Bo een van die paragrawe van sy artikel skryf hy *„The great escape — to nowhere!"* Hy sê verder: „The awesome potential of the Nuclear Age is too frightening to consider. *Cosmocide* — world suicide — has become an absolute reality".

Dieselfde tema, nl. van ontvlugting wat op 'n ander manier kort en kragtig die woorde uitdruk: *„Relieve! Placate! Assuage! Ignore!* This is the hue and cry! Just don't face the facts".)[1] word besing, op 'n ander wysie, deur die Pop-sangers in die liedjie: „Ring of Fire":

*„So,*
*By wild desire*
*I fell into*
*A ring of fire.*
*I fell into a burning ring of fire*
*I went down, down, down*
*And the flames went higher*
*And it burns, burns, burns,*
*The ring of fire."*[2]

### Niks- en niemand-ontsienend

Die verdowingsvraagstuk, wat in sy diepste 'n *ontvlugtingsdrang*

is en nou die afmetings van 'n wêreldrewolusie aangeneem het, wat soos maselkolle uitslaan op die siek liggaam van die ,nuwe' mensheid, is slegs 'n simptoom van 'n dieperliggende geesteskrankheid wat niks en niemand ontsien nie. Dat daaragter wel 'n totalitêre krankheid van gees skuil, word weerspieël in die woorde van 'n LSD-gebruiker: „Sure it's dangerous. But so is everything else I enjoy. Why should I worry about my chromosomes when everything else in the world is so messed up?"[3] Dat hierdie wêreldrewolusie van verdowingsontvlugting niks en niemand ontsien nie is net so seker. Dit gaan heen oor die grense van kleur en geslag, van ouderdom, van land en kultuur.

3—5 ton marijuana (dit sal later verduidelik word wat dit is) word elke week vanaf Meksiko in die V.S.A. ingesmokkel. Die aantal mense wat hierdie verdowingsmiddel gebruik oor die aardbol heen, is 200 miljoen. In Egipte rook ongeveer 30% van die bevolking (dit is die manlike-) „hashish", 'n versterkte vorm van marijuana. 'n Verslag van die Los Angeles Times het verklaar dat „about 10% of the nation's high schools had smoked marijuana".

Agt jaar gelede was daar alleen 471 verdowingsverslaafdes bekend in Engeland en slegs 2 van hulle was onder die ouderdom van 20 jaar. Aan die einde van 1966, egter, merk narkotiese verslawing 'n getal van 14,000.

In Nieu-Zeeland was die algemene opvatting van die publiek altyd „it can't happen here". Onlangse opnames toon aan dat die arrestasies vir oortreding a.g.v. verdowingsverslawing verdubbel het en dat meer as die helfte daarvan voorgekom het onder mense onder 20 jaar oud.

Prof. H. Grant-Whyte van die universiteit van Natal waarsku in die volgende woorde „untold thousands of South Africans are poised now on the brink of the greatest drug bringe of all time".

In Indië is daar 340 000 hopeloos verslaafde mense. Hong Kong rapporteer 150 000 „hard core addicts". In Wes-Duitsland is daar 4 357 geregistreerde verslaafdes. In Spanje is 1 588 geregistreer. Prokureur-generaal Thomas Lynch het verklaar dat daar in die V.S.A. in 1967 14 760 jongmense aangehou is vir die verspreiding van verdowingsmiddels. Die getal het 'n stygende persentasie van 800 vertoon t.o.v. 1960 en is 172% hoër as in 1966. 'n Samevattende en gemiddelde persentasie van alle studente in die V.S.A. wat met verdowingsmiddels deurmekaar is, gaan van 20 na 30%. 'n Kwart van hulle neem dit op gereelde basis.[4]

Hieruit blyk dat die verslawingsprobleem grensloos geword het. Trouens, dit het ook kultuur- en volksgrense oorskry. Daar is duidelike tekens dat ons hier met 'n nuwe vorm van kultuur te doen het, of sal ons liewer sê die afwesigheid daarvan en 'n verval in barbarisme. In die wêreld van die verdowingsverslaafdes is vorm en inhoud verwar, klank en ritme vervleg, wese en aanbieding soos nat verf ineengevloei tot 'n karikatuur van beskawing soos ons dit sedert die Rennaisance geken het.

Hierdie naamlose verwarring in die gees van die man op straat

word weerspieël in 'n strofe van die liedjie van Zeiger en Evans (1969) met die naam: „In the Year 25—45".

*„In the year 2525*
*If man is still alive*
*If woman can survive*
*They may find.*

*In the year 3535*
*Ain't gonna need to tell the truth,*
*Everything you think, do and say*
*Is in the pill you took today.*

*In the year 4545*
*Ain't gonna need your husband, won't need your wife,*
*You won't find a thing to do*
*Nobody's gonna look at you."*

Dit is duidelik dat die jeug nie alleen statisties nie maar ook geestelik en kultureel die hardste getref word deur die verdowingsprobleem. Dit begin miskien by wyse van avontuur by 'n partytjie. Jy word miskien ingeloop deur 'n „agent" of 'n „runner", name vir mense wat op voltydse basis, soms, gehuur word om slagoffers te maak sodat die afsetgebied vergroot en die inkomste van die base kan styg. Wanneer ons bereken dat alleen vanjaar in die V.S.A. 675 000 000 marijuana sigarette (genoem „joints") gerook gaan word en dat die inkomste vir die smokkelhandelaar daaruit genoeg is om 13 000 000 Amerikaners van 'n weeklikse inkomste te voorsien, blyk duidelik genoeg watter enorme kapitaal daar agter die agente sit.

Jy het daarmee begin om in een of ander vorm verdowing te neem. Miskien 'n kalmeerpil of opwekmiddel. Dit word steeds meer en die normale dosis het naderhand nie meer die gewenste uitwerking nie. Jy soek altyd iets sterkers, of soos die skoolkinders in Amerika sê: „I'm ‚speeding' myself up". Jy word meegesleur in die stroom van „Crystal Blue Persuasion":

*„Crystal blue persuasion*
*It's a new vibration*
*Crystal blue persuasion*
*Crystal blue persuasion."*[5]

Dikwels volg dit op drankmisbruik (te veel gedrink die vorige aand) om die gevolge uit te wis. Dikwels word dit gebruik om wakker te bly om te kan studeer; dan weer om te slaap omdat die oorskryde kragte luidkeels hard die uitgeputte slagoffer dwing om te rus; ouers gee dit aan kinders om nie so lastig te wees op die lang reis nie; pa drink dit om deur die nag te kan bestuur; ma drink dit om te verslank omdat dit haar eetlus wegneem; dit moet help kalmeer om jou ewemens in die oë te kan kyk. Dit is die mombakkies waaragter jy wegkruip vir die mense teen 'n krimpende vermoë om, op spontane wyse met mense te kan omgaan.

## Sakramente van 'n nuwe godsdiens

Die skemerlewe van bedwelming het meer as 'n middel tot 'n doel geword. Dit is nou vir baie 'n doel in sigself. Dit het só geword wanneer die mens se hele daaglikse lewe om die verdowing draai. Ek sê met opset *verdowing* en nie *verdowingsmiddel* nie omdat die middel nou nie meer 'n middel is nie.

*Verdowing is nou 'n doel in sigself.*

Hierin is die sataniese van verdowing geleë. Die middels het sakramente van 'n nuwe godsdiens geword. Vir hierdie mense het die brood en wyn by die nagmaal verander in pille, kapsules en spuitnaalde. By die „sessions" en die daggaden is die duiwel los. Daar word ook fees gevier soos by die gemeente van Jesus Christus, maar op 'n ander wyse en met 'n ander doel. Die bekoring daarvan is 'n nuwe gemeenskap, 'n soort omgang met jou medemens waar alle weerstande weggebreek is van binne af uit.

Die pil, die poeier, die „joint" of die „twist" verander jou persoonlikheid.

Jy sien en sien tog nie.
Jy hoor en hoor tog nie.
Jy ervaar sonder om te verwerk.
Jy leef en tog word jy beleef.
Die werklike lê in die onwerklike.
Die wese van dinge lê in hulle onwesenlikheid.

Daar word ook vir jou gesê: Neem, eet almal daarvan; neem, drink almal daaruit . . . Dit is my offer vir julle, gee julle oor, gebruik die tekens en seëls van my verbond met julle. Laat ons ons verenig in 'n nuwe gemeenskap waarin julle „gevoed" en „gelaaf" sal word in 'n uitgediende, onherstelbare wêreld volgens die tradisionele manier. Die einde van die duiwel se nagmaal is nie 'n versterkte mens nie maar een uit wie alles is en een wat uit alles is, vervreem van God en mens en wêreld.

Hy eindig, soos hy begin het, met ontvlugting in die wêreld van die skyn, in die wêreld van die leuen, want dit is uitgedink (nie die middels nie maar hulle misbruik as sakramente van die nuwe godsdiens) deur die vader van die leuen, die duiwel self. Die einde is ontnugtering — die mombakkies van skyn val af. Jy spoel uit op die strand van die lewe, 'n hopelose wrak, 'n wrede ironie van wat God bedoel het toe hy jou na sy beeld beskape het. Motorwrakke op ongelukstonele is die stomme getuies van die gevolge van bedwelming: vervreemde ouers; ronddwalende kinders; gebroke huisgesinne . . . die put waarin ons wêreld en sy mense stort . . . die put sonder bodem . . . „down, down, down!"

## Mediese aspekte van verslawing

Daar is *vier kategorieë* van verdowingsmiddels:

1. *Slaapmiddels* („opiates", „narcotics"): Hieronder verskyn

heroïen, kokaïen, morfien, opium en alle dwelmmiddels wat hierdie substansies bevat. Daar is ook sintetiese (tegnies vervaardigde-) verdowingsmiddels in hierdie kategorie soos Pethedine, Physeptone en Pipadone, wat met groot versigtigheid gebruik word vir swaar verdowing en narkose en in uiterste gevalle van verslawing toegedien word as onttrekkingsmiddels (nl. om die gifstowwe wat hierdie bogenoemde verdowingsmiddels bevat) uit die liggaam te onttrek.

2. *Amphetamines en Barbiturate en hulle sekondêre plaasvervangers:*

*Amphetamines* is stimuleermiddels en baie populêr onder die jeugdige verslaafdes onder name soos „Purple Hearts", „Black Bombs", „French Blues", „Benzies" en „Dixies". Hierdie preparate bevat almal 'n hoeveelheid amphetamine in die bekende vorm van Dexedrine en ander stimulante. Dit versnel die breinwerking en dus ook die reaksies van die liggaam daarop. Dit laat jou wakker en aktief voel, 'n ware muis in katvel. Gebruikers hiervan oorskat hulleself en hulle vermoëns omdat dit baie anti-depressief werk, die gevoel van afgematheid verdryf en bedruktheid uitskakel.

*Barbiturate* staan onder die jeugdiges bekend as „goof balls" en val onder die middels wat die sentrale senuweegestel kalmeer. Dit het 'n sederende, hipnotiserende uitwerking op die gebruiker en word ook aangedui in die Farmasie as „depressants" Ons herken die gebruiker daarvan as iemand wat sit en staar, sien sonder om te sien of hoor sonder om te hoor. Sy reaksies is vertraag en daar is 'n merkbare gevoelloosheid by so iemand te bespeur. Dit word aan baie mense gegee tydens begrafnisseremonies om emosies onder beheer te hou. In die vorm van misbruik word hulle gewoonlik gebruik ná stimulante om die gebruiker in staat te stel om te rus want dit bring 'n gevoel van weldadigheid en „serenity", d.i. 'n soort van verhewendheid bo dit wat rondom hom of haar gebeur.

*Afgeleide stimuleer- en kalmeermiddels* vanaf amphetamine en barbiturate kom onder 'n verstommende hoeveelheid handelsname voor. Hulle is die meeste in omloop en word op groot skaal deur geneeshere voorgeskryf. Die aantal mense wat daagliks hierdie middel gebruik is oorweldigend groot. Die „New York Times" het geskat dat 100 miljoen mense daagliks hierdie gemoedsveranderende middels gebruik. Dit lui so: „. . . that 100 million Americans use some form of mind-altering drugs, such as amphetamines, barbiturates, alcholol, and tranquilizers. . . we have become a drug-oriented, if not drug-obsessed, society".[6]

Hierdie afgeleide of sekundêre middels word ook gebruik vir inspuitings wat gewoonlik 'n onmiddellike uitwerking het op mense wat aan skoktoestande ly en ook deur geneeshere vir hierdie doel aangewend word. Onder hulle is die bekendstes Sparine en Largactil.

3. *Indiese Hennep (Marijuana, ook genoem Pot):* Dit is 'n plantaardige gewas wat in die Ooste groei en is bekend onder die vaknaam van Cannabis sativa. Dit dien min of meer dieselfde

doel as dagga vir die Bantoe en ander verbruikers. Dit word gerook, gewoonlik in sigaret-vorm wat genoem word 'n „joint" of „twist". Hierdie „rook-gewoonte" kom in baie hoë mate voor onder jongmense en is baie moeilik om te bekamp omdat daar vandag ook 'n sintetiesvervaardigde vorm van marijuana is.

Dit kom voor in die vorm van vloeistof wat reukloos, kleurloos en smaakloos is. Slegs 3 of 4 druppels op 'n gewone sigaret het dieselfde (en sterker) uitwerking as die oorspronklike verdowingsmiddel wat van die blommetjie van die plant gemaak word. Dr. Dana Farnsworth, direkteur van die gesondheidsdienste van die Harvard Universiteit, verklaar dat „35% of students at major universities on the East and West Coasts have experimented with marijuana first once, and about half of them repeat the experiment". Charles Winick sê in 'n bydrae van hom in die boek „Drug Addiction in Youth", dat „it is much less likely that marijuana use will come to the attention of the authorities, because he is under less of an inner need to acquire the drug".

Die populariteit van hierdie vorm van verdowing, of liewer bedwelming, is miskien toe te skryf aan die feit dat dit so onopsigtelik gebruik kan word en in sy met-tabak-gemengde vorm uiters moeilik is om uit te ken. Laasgenoemde skrywer wys ook daarop dat hierdie hennep 'n rol gespeel het in die verhale bekend as „Arabian Nights" in die persoon van Aladin met sy lamp en dat ongeveer 200 miljoen mense oor die wêreld hierdie verslawende dampie geniet.

4. *Hallusigene:* Hierdie kategorie word hier bygevoeg vanweë die verskyning van LSD met die farmaseutiese naam van Lysergic Acid Diethylamide en in die omgang verwys gebruikers daarna as „acid". Dit is ook 'n sinteties-vervaardigde vorm van verdowing met amphetamine as hoofbestanddeel en het hallusinasietoestande tot gevolg wanneer dit ingeneem word. Dit word dikwels met suiker gemeng (omdat dit 'n wit poeier-agtige stof is) en in die vorm van suikerklontjies in die sluikhandel oorgedra word.

Dit is bekend dat LSD die gebruiker in 'n „nuwe wêreld" oorplaas, hom alles kleurryk laat waarneem en hom laat voel asof hy in 'n sprokieswêreld verkeer omdat sy waarneming deur die verdoofde breinselle geaffekteer is. Verslaafdes aan LSD raak in 'n koma wanneer selfs nietige hoeveelhede hulle tot solank as 15 uur oorweldig. Twee klein LSD-tablette is genoeg om 3000 mense 'n psigedeliese „trip" te besorg en is effektief in die kleinste hoeveelhede sodat bv. 21 mikrogram (wat gelyk is aan .000001 gram) sterk genoeg is om die brein merkbaar te affekteer.

Wanneer verdowingsmiddels (waarvan alkohol die populêrste en maklikste verkrygbaar is), soos amphetamines, barbiturate, of soos die „Main Liners" (d.i. dié wat direk in die aar ingespuit word soos bv. morfien) ingeneem of -gespuit word, reageer die liggaam aan die begin hewig teen die gif. Later, by herhaalde toediening ter wille van die „hit" of „flash", die oomblik van merkbare aangename uitwerking, lei dit tot adopsie, d.w.s. die gif word in die

liggaam opgeneem en die liggaam laat sy aansprake daarop geld in die vorm van 'n drang („craving") daarna. Die gif, wat onmiddellik in die bloedstroom opgeneem word, word in die metabolisme (normale natuurlike werking van die liggaamsorgane) ingewerk omdat die liggaam van die mens hom op wonderlike wyse aanpas onder uiteenlopende omstandighede. Die bloedstroom met die verdowingsgif gaan oor die brein waar dit die hoër sentra van die brein, nl. die voorste lobbe wat die cortex genoem word, aantas. Hierdie cortex van die brein hanteer die indrukke om afleidings te maak, dit om te sit in gevolgtrekkings en in taal uit te druk.

Wanneer die brein dus deur die verdowingsmiddel beïnvloed is, moet dit noodwendig 'n sielkundige uitwerking op die gebruiker hê en dit werk daarom 'n verandering van persoonlikheid in die hand. Intussen het die lewer (die apteek van die liggaam wat alle gifstowwe wat teen-natuurlik werk, verwyder) nie daarin geslaag om genoeg van die verdowingsgif uit die bloedstroom te verwyder nie. Die gebruiker is nou 'n vergiftigde persoon (-likheid) by wie normale sielkundige en geestelike weerstande afgebreek is. Hy is soos 'n lokomotief wat uit sy spore vlieg en dood en verderwing kan saai sover as hy gaan.

Die liggaam toon ook baie gou die uitwerking van verdowingsmiddels. Die pupille van die oë raak vergroot om meer lig as gewoonlik in te laat en dwing die gebruiker om 'n donkerbril te dra. Verder verskyn puisies dikwels op die rug en skouers van die slagoffer.

Die maselkolle van sy sielkundige optrede is merkbaar in die afwesigheid van gees, 'n traak-my-nie-agtige of oor-aktiewe optrede wat 'n mens dikwels met entoesiasme verwar, 'n aktiwiteit wat wêreld-rekords help skep onder atlete, langasem dansers en „go-go" ondersteuners.

In die finale ontleding, egter, begin deskundiges saamstem dat die verdowingsverslaafde ten diepste *geestelik* aangetas word. „It is this mental aspect that is the greatest problem to medical men, for it is because the mind craves that the body obtains the drugs it needs. This mental addictions is known by addicts as The Mind Habit".[7]

Die gedagte-lewe van die verslaafde persoon word eenvoudig geregeer deur die oorweldigende begeerte om in besit te kom van die bedwelmingsmiddel en hierdie begeerte regeer sy lewe. 'n Gewoonlik redelike en sagsinnige persoon word hard en aggressief wanneer enigiets of enigiemand in sy pad staan om hierdie middels in die hande te kry. Hy leef van dag tot dag en van „fix to fix". Alle ander dinge is vir hom van minder belang want die volgende „fix" en hoe hy dit kan verkry, is al wat saak maak.

Neem die verslawingsmiddel weg en dit wat oorbly is 'n hopelose wese, 'n lam man sonder sy kierie, 'n blinde sonder iemand wat hom lei. Hy is siek, rondtastende in die duisternis, nooit waarlik vry nie, nooit werklik lewend nie, iemand vir wie die dood meer is as 'n metgesél; die dood is meer aanloklik as die lewe. Daarom

pleeg so baie van hierdie mense selfmoord onder akute bedwelming of wanneer hulle hulle self van die middels onttrek het.

## Geestelike aspekte van verslawing en die behandeling daarvan

Verslawing is ten diepste 'n geestelike verskynsel. Die misbruik van verdowingsmiddels is maar 'n uiterlike simptoom van 'n afwykende geestelike toestand. 'n Geneesheer in San Francisco verklaar ronduit: „drug use reflects a *sick* and hypocritical society".[8] Van alkoholisme het Howard Whitman gesê: „Alcoholism is basically a sickness, a sickness of the soul, a *sin-sickness*".[9]

Die dag waarop so 'n persoon sy eerste (vir hom) gewoontevormende verslawingsmiddel neem, gee hy sy lewe oor aan die regering van 'n wrede diktator, „a master of such cruelty and relentless energy, that the captive becomes chained to him".[10]

Die gevangenskap is aan die begin avontuurlik en aangenaam omdat die nuwe regeerder alle soorte van voordele belowe en in sommige gevalle ook werklik die eerste paaiemente daarvan gee. Maar by wyse van volharding in hierdie knellende bande van menslike slawerny, volg die ontnugterende bedrog. Soos een van die verslaafdes aan my gesê het: As jy voortgaan, vind jy uit dat verdowing bedrog is, goedkoop bedrog! 'n Ander een het verklaar: „When I saw it was taking me nowhere, I quit".[11]

Om te probeer om die verslaafde persoon te oortuig d.m.v. redenasies is vrugteloos. Argumente bring geen oplossing nie. „A junkie is a junkie and no amount of reasoning on anger or threats will change that. He cannot stop alone, he cannot stop *to save his own life*".[12]

*Kan so 'n verslaafde persoon bevry word?* Is daar 'n antwoord as alle antwoorde misluk het, die tug van die vader en die trane van die moeder, bv.?

Daar is 'n antwoord. Basies is hierdie antwoord die Evangelie van verlossing in Jesus Christus. Genesing (of liewer herstel) mag kom deur mediese en psigiatriese behandeling. Blywende herstel, egter, is alleen moontlik wanneer jy 'n nuwe inhoud aan die ontledigde mens kan gee. Hiervan het ons 'n mooi voorbeeld in die geskiedenis van die Here Jesus wat 'n duiwel uit iemand gedryf het (Lukas 11 : 14—28). Ons lees in hierdie Skrifdeel dat die onreine gees uit die mens uitgegaan het, deur waterlose plekke gegaan en rus gesoek het. Toe hy dit nie kon vind nie, het hy teruggekeer na die „huis" (menslike siel) waar hy uitgegaan het (op Jesus se bevel). „En hy kom en vind dit uitgevee en versierd. Dan gaan hy en neem sewe ander geeste, slegter as hyself, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word eger as die eerste" (verse 25, 26).

Blywende herstel van die mens word alleen gewaarborg deur aan hom 'n nuwe inhoud te gee. Onttrekking van verdowingsfeit ontledig die liggaam van gif (soos in die kliniek, onder mediese toesig gebeur). Maar dit is nie genoeg nie. Die gif moet nie net aan die mens onttrek word nie, *maar die mens moet ook aan die*

*gif onttrek word.* Die slaaf moet aan sy slawemeester onttrek word. In die plek van dit wat jy wegneem, moet jy iets nuuts kan stel om te voorkom dat so 'n persoon „se einde erger is as die begin". Hierdie iets nuuts wat in die plek van die ou inhoud kom, moet ook blywend wees anders is die herstel tydelik.

Hier het ons die sentrum van die oplossing, nl. dat dit nie 'n oplossing is nie, maar *verlossing.* Die enigste blywende oplossing is die verlossing deur Jesus Christus wat gekom het om ons van die sonde en die magte daarvan te verlos. Die sentrum van die verlossing wat blywend is, is dus die persoon van Jesus Christus. Die antwoord op die vraag of daar 'n oplossing is van die verdowingsvraagstuk, lê dus nie in òf mediese òf sielkundige òf pastorale sorg nie. Dit lê in al drie en van die drie is die laaste, die pastorale sielsorg, die diepste kern.

Ons kan dit met soveel stelligheid beweer omdat dit rus op die verlossingswerk van Jesus Christus wat nie gekom het vir die gesondes nie, maar vir die wat siek is, nie vir die wat die bekering nie nodig het nie, soos hulle meen, maar vir die armes van gees, vir die wat treur, vir die wat honger en dors na geregtigheid (vgl. Jesus se woorde in die Bergrede, Matt. 5 : 1 v.v.). Vir hulle het Hy alles oorgehad tot hulle genesing en verlossing en bevryding van magte. Hy het Homself oorgehad vir hulle. Hy het Homself ontledig. Sy hemelse heerlikheid het Hy afgelê en die gestalte van 'n dienskneg aangeneem, Homself nog verder ontledig deur gehoorsaam te word tot die dood toe (Fil. 2 : 6—8).

Daarom het God Hom uitermate verhoog en sy lewe verheerlik. *Lewensverheerliking* (wat net 'n ander woord is vir „Crystal Blue Persuasion") lê nie in selfverheerliking nie. Dit lê nie daarin dat die mens met sy eie middele vir hom 'n paradys op aarde kan bewerkstellig nie. Dit lê nie in iets binne in die mens nie. Dit kom van buite. Dit kom van God self. Maar dan moet die mens ontledig word. Jy kan alleen iets volmaak as dit leeg is. Dit vat soveel van die nuwe as wat daar van die oue weg en uit die mens is. Ontlediging van verdowingsgif alleen is dus nie genoeg nie. Ons moet ontledig word van onsself. Dit sal goed wees om weer 'n keer die woorde van Jesus in Lukas 14 : 26 aan te haal: As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, *selfs ook sy eie lewe* nie, kan hy My dissipel nie wees nie. Hierdie ontledigingsproses van die menslike gees (wat so noodsaaklik is as die ontlediging van sy liggaam van die verdowingsgif) kom nie van mense nie en kan 'n mens self ook nie volbring nie. Dit kan God alleen doen. En Hy doen dit ook.

Ons ken sulke mense, nuwe mense, mense in wie Christus nou leef deur sy Gees, mense wat eens deurdring was van verdowingsgif en nie 'n sent sou gee vir die inhoud van die blye boodskap van verlossing in Christus nie. Dit is mense wat saam met Paulus kan sê: *„Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my . . . !"*

Ek vergelyk dit altyd met die verlossing van Israel uit Egipte. Die uittog uit die *slawehuis* van verdowing staan nog altyd onder die-

selfde opskrif en het dieselfde betekenis van die woorde: *Ek is die Here, jou God, wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.* En dan moet ons nie vergeet nie: God lei nie net uit nie. Hy lei ook in. Die Here los 'n mens nie in die woestyn nie. Hy beloof, selfs nog voor die uittog uit die slawehuis, 'n „land wat vloei van melk en heuning". Daar is dus 'n saligheid wat nou reeds, in hierdie lewe, die deel is van die mens wat hom aan God oorgee tot verlossing, 'n God-gedrewe mens.

Want God woon „in die hoogte en in die heiligste plek *en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herleef die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes"* (Jes. 57 : 15).

## Geestelike aspekte in die nasorg van herstelde verslaafdes

Ons het nou gevorder tot op die stadium dat die verslaafdes reeds mediese behandeling ontvang het in die vorm van onttrekking (ontgifting) van die verslawende middels. Hy is dus ontledig van gif sover dit sy liggaam betref. Maar die ontlediging beteken meer as ontgifting van die liggaam. Die gif is nou reeds aan die pasiënt onttrek maar die pasiënt is nog die taak van die pastorale nasorg.

Dat mense aan verdowingsmiddels verslaaf raak het baie oorsake. Maar ons kan met redelike sekerheid beweer dat wanverhoudinge in so 'n mens se lewe die grootste rol speel om 'n drang na ontvlugting te veroorsaak wat verslawing aan verdowingsmiddels tot gevolg het. Oor hierdie verhoudinge moet ons i.v.m. die nasorg iets sê.

Die mens is deur God geskape om in 4 verhoudinge gebalanseerd te lewe en so te beantwoord aan sy hoë roeping as mens. Alleen wanneer die mens in hierdie 4 verhoudinge standhoudend leef, kan hy ware geluk en gemoedsrus ervaar. Dan is ons vol vrede en daarom *tevrede* en het daarom aan niks gebrek nie. So word die agterstand van die verslaafde blywend uitgewis en die ontvlugtingsneiging doeltreffend bekamp.

Die 4 verhoudinge waarin 'n mens jouself ten volle kan uitlewe is die volgende:

*Die ek-my-verhouding:* Dit is die verhouding waarin 'n mens tot hom- of haarself staan. Hier sal ons die vraag moet beantwoord: hoe leef u met uself saam? Hoe kan u leer om uself te aanvaar, as iemand met 'n eie identiteit, met spesifieke eienskappe wat daar in geen ander mens op so 'n wyse saamgevoeg is as in uself nie. Voordat 'n mens met ander mense, met die lewe self en met God kan regkom, moet 'n mens met jouself leer klaarkom.

*Die ek-jy-verhouding:* Dit is die verhouding van die mens tot sy medemens. Hier sal ons antwoord moet gee op die vraag: hoe moet ek met my naaste klaarkom en saamleef? Die verslaafde het van homself vervreem maar hy het ook van sy medemens vervreem geraak en so vereensaam. Dit kan herstel word as die verslaafde weer

'n nuwe verhouding tot sy medemens en die samelewing kan opneem onder die vaandel van diens wat uit eenvoudige liefde gebore is.

*Die ek-dit-verhouding:* Hier is die vraag: hoe moet ek staan teenoor die materiële wêreld, die wêreld van „dinge", van geld en geldbesteding? Hoe kan ek my lewe vrugbaar inrig in 'n wêreld van kompetisie en konkurensie? Die verslaafde het met die loop van tyd baie verloor. Hy het vertroue verloor in homself en sy medemens maar ook in sy bekwaamheid om stoflik ewewigtig te lewe. Hy het dikwels ook sy besittings verloor. Dit kan herstel word indien hy kan leer om die regte uitkyk te ontwikkel op ons daaglikse stryd om bestaan in 'n wêreld waarin geld, ens. so baie tel.

*Die ek-u-verhouding:* Die belangrikste van alle verhoudings (en ook die een wat al die ander in ewewig hou) is die verhouding tot God. Iemand wat nie vrede het met God nie, het nie vrede met homself nie, ook nie met sy medemens nie en ook nie met die dagtaak wat hy of sy moet verrig nie. Die verslaafde het baie verloor. Hy het ook sy God verloor. Dit kan herstel word. Ons kan God weer vind. Daar is nog tyd. Die sleutel tot 'n vredevolle verhouding met God is beskikbaar in die versoenende werk van Jesus Christus wat juis gekom het om te soek wie verlore is en te genees die wat siek is.

T.o.v. hierdie 4 verhoudinge het die verslaafde mens losgeraak soos 'n skip van sy ankers. Hy drywe op die oop see met sy woeste golwe rond. Hy kan skipbreuk ly en vergaan as hy nie betyds gehelp word nie. Die herstel is moontlik en die pad terug is oop, net soos vir die verlore seun die pad oop was na die huis en hart van sy vader.

## Enkele aspekte van voorkoming van die gevaar van verdowingsverslawing

Van die baie noem ek hier slegs twee:

(1) *Ons moet verdowingsverslawing, die verslaafde mens tussen ander, kan uitken:*

Daar is hoofsaaklik 4 verslawingskriteria of -kenmerke:

a. Verlies van beheer oor die hoeveelheid verdowende middels wat geneem word.
b. Verandering in liggaamsverdraagsaamheid t.o.v. die middel (die liggaam word die middels gewoond en vra daarom altyd meer om die gewenste uitwerking te hê).
c. Onttrekkingssimptome (breinreaksie op die onttrekking van die middel).
d. Uitskakeling van alle ander belange ten gunste van die verdowingsmiddel.

So gou iemand die doktersvoorskrif oorskry en meer verdowing (kalmering, stimulering, pynverdowing, ens.) neem as wat die goeie, voorgeskrewe dosis voorskryf, begin verslawing kop uitsteek. Die liggaam het nou die middel aanvaar en 'n altyd groter wordende dosis word geneem om dieselfde uitwerking te ervaar. Die natuurlike balans van die liggaamsfunksionering is nou versteur.

Wanneer 'n verslaafde sonder die middel probeer klaarkom, ervaar hy liggaamlike pyn, geïrriteerdheid, sien dikwels waanvoorstellings, kry sweetuitbarstings en 'n onbeheerbare drang („craving") na die middel. Dit is onttrekkingssimptome wat aandui dat die liggaam nie meer sonder die middel kan klaarkom nie. Geestelik is die verslaafde persoon nou verdowingssentries. Hy leef van dag tot dag en van „fix to fix". Alle ander belange is nou hieraan ondergeskik.

(2) *Die gesinsverhoudinge moet radikaal hersien word:*

Die regte gesinsverhouding begin reeds voor die geboorte van die kind. Die voorgeboortelike stadium kan die grondslag lê vir 'n gesonde en normale gesinsverhouding na die geboorte. Dit kan ook die grondslag lê vir abnormaliteite wat 'n blywende indruk laat op die kind en sy opvoeding. Ongebore kindertjies wat onderwerp word aan voortdurende gebruik van kalmeer- en verdowingsmiddels moet eenvoudig die gevolge daarvan toon na die geboorte. Ons sal nooit die gevolge van een van hierdie middels vergeet wat veroorsaak het dat kinders sonder arms of bene gebore is nie!

Gebore babas is dikwels vir die eerste nege maande die slagoffer van antiseptiese vrese. Hy word as 't ware in 'n „glashuisie" (sy bedjie) versorg sonder om aan hom te vat. Moeders beskou dikwels liefkosings as 'n gevaar vir die oordra van kieme op die kind. Hier word die stene gelê van huisgesinsopbou waarin kinders nooit geniet word nie maar altyd oorbeskerm word. Oorbeskerming is een van die grootste oorsake vir die ontwikkeling van ontvlugtingsneigings in die later jare.

Dan word die volgende periode in gesinsverhoudinge genader. Dit is wanneer die kind sy ouers „ontdek". Veral sy vader. 'n Bekende psigiater het onlangs by 'n simposium oor verdowingsverslawing gesê dat vaders eers sewe jaar gelede „ontdek" is. En dan nog as „the big bad guy". Die kind se beeld van sy vader is meteen die grondslag van sy beeld van God, totdat dit later onder dieper besinning en Skriftuurlike opvoeding verander word. Maar waarom moet dit later eers „gekorrigeer" word? Waarom moet dit eers verkeerd wees?

Vaders moet hulle koerante opsy sit wanneer die kindertjies wil skootsit. Skootsit voorkom tronksit. Pa en ma moet met drie oë kyk en met drie ore luister wanneer die kindertjies aandag vra. Wat presies lê agter die gestamelde, onsamehangende woordjies van Jannie, wat wil hy regtig kom wys as hy van buite af inkom? Die derde oor en oog is die hart van die vader en moeder. Ons moet leer om met ons hart te luister en te kyk.

Daarná kom die laat-adolossensie, die tydperk waarin kinders

leer om onafhanklik te wees van hulle ouers. 'n Mens moet mekaar verloor om mekaar te vind. Die Here sê dat sy moeder en broers diegene is wat die wil doen van sy hemelse Vader. Nuwe, geestelike verhoudinge kom nou (of kom nie) om die natuurlike verhoudinge van voorheen te verdiep en te verwesenlik. Ons moet leer om mekaar af te gee. Met die doel om mekaar „in Christus" te vind. Dit is hier waar dit so dikwels misloop. Hier waar die nuwe, geestelike verhoudinge die eertydse verhoudinge moet verwesenlik. Hier kom die gaping tussen die geslagte wat so treffend besing word in die Pop-liedjie „Monsieur Dupont":

*Monsieur Dupont, monsieur Dupont*
*Made me see so tenderly*
*That I was never loved before*
*Monsieur Dupont*
*I know its wrong*
*But I don't ever wanna go home anymore."* [13]

Vir baie van hierdie jong mense vul die avontuur en later die verslawing aan verdowing as gevolg van mislukte gesinsverhoudinge, 'n uitvlug. Die pil of die spuitnaald word die nuwe ouer. Die verdowing gee beskerming aan die eers oorbeskermde maar nou verlate kind. Die pil of die drankie word die nuwe, sosiale smeermiddel om samelewingsverhoudinge wat tuis nie gekweek is nie, op kunsmatig-tegniese wyse aan die gang te hou.

*Voorkoming is beter as genesing.*

*Die ruimste vaart van alle ruimtevaart is die daaglikse, hartlike gebedslewe.*

*'n Mens word op sy moeder en vader se knieë gespeen maar op sy eie knieë word hy volwasse.*

P. C. Snyman (W. J.-sn.).

(Referaat gelewer voor die Bondsbestuur van die Jongeliedevereniging in Transvaal op 18 April 1970.

---

1 Vgl. The Plain Truth, p. 30, Maart 1969 (verder aangedui as P.T.).
2 Studiestuk Korps Veritas Vincet, P.U. vir C.H.O., oor moderne Pop-musiek.
3 P.T., p. 30.
4 Dr. Henry Brill, Onder-voors. State Narcotics Commission.
5 Tommy James and the Shondells, 1969.
6 P.T., p. 45.
7 Wilson: Microscope on Bondage.
8 P.T., p. 45.
9 Jerry Dunn: God is for the Alcoholic.
10 Wilson, t.a.p.
11 P.T., p. 30.
12 Wilson, t.a.p.
13 Sandie Shaw, 1969.